SPOOR…

Eerste indrukke maak saak.

My eerste indruk was in die vorm van ń enkele onskuldige voetspoor in die sand van die lewe. ‘n Spoor wat my tot en met die einde van my dae sou volg.

Wanneer jy die eerste keer kennis maak met jou lewenspad voel die grond kliphard onder jou sagte voetjies, maar soos die tree groter en die dae meer word, word jou voete standvastig, sterk en solied.

Mettertyd ontwikkel jy ń dik vel, ‘n tawwe “skoenlagie” wat jou weerlose innerlike kind beskerm. Die lewe is nie kinderspeletjies waar jy van mense wat jou wil vertráp en probleme wat opduik, in jou kleintydwegkruipplek kan skuil nie.

Sagte voet moet harde voet word!
Bly te kenne, só gaan jy ‘n leeftyd deurbring.

Die wandelroete het verskeie verleidelike afdraaipaadjies en strek oor hemelhoë berge en die laagste dale vol uitdagings en teleurstellings.

Met tye word jy vergesel op díe angswekkende reis, deur mens óf dier, tot hulle spoorloos verdwyn en jou alleen laat met jou enkel ry spore.

Alleen. Alleen om jou eie koers te kies en te besluit watter kompas jou deur die lewe gaan lei…

Deur die seisoene van jou lewe word unieke spore agtergelaat. Soms stap jy ligvoets langs velde vol verwelkomende blomme en vind jy aanklank in die soet stilte van die natuur. Jy kan dans in die reën sonder enige sorge in sig, maar… soms voel dit asof jy wil verkluim soos houe en pyn op jou neerreën. Soms brand die warm sand jou voete en moet jy rondtrippel terwyl druk jou verskroei. Soms sukkel jy om in ‘n modderrige gat van wêreldse verwagtinge, trap-trap, voort te beur.

Vorentoe. Altyd vorentoe, of dit sleepvoet of met babatreë is, net altyd vorentoe.

Jy los ‘n spoor oral waar jy gaan, ‘n spoor wat lewe spreek of afbreek. Trap jy diep, liefdevolle spore van hoop in jou medemense se harte, of vertrap jy hulle drome en ambisies tot ‘n stofspoor van gebroke stukkies siel al is wat oor bly?

Wees genadig. Leef uit liefde. Trap lig en trap versigtig, want almal is op die rand van hul eie afgrond…naby aan breekpunt, onseker waarheen hulle spoor gaan lei.

Ons is almal op dieselfde desperate soektog met voete van klei wat dringend die weg na waarheid probeer vind. Al wat uiteindelik agterbly om jou storie te vertel, is jou voetspore. Wanneer jy by kruispaaie kom is die keuse joune - gaan jy in ander se voetspore volg sonder om jou eie te laat of gaan jy jou eie wandelroete maak?

Mý keuse is gemaak, joune wag…

Woorde: 428